# BOEKBESPREKING

J. Wesseling, **De Afscheiding van 1834 in Groningerland**
Deel I: De classis Middelstum
Deel II: De classis Appingedam en Pekela
Deel III: De classis Groningen van de Afgescheiden Kerken.
Uitgawe: De Vuurbaak, Groningen 1973 — 1978.

**'n Waardevolle besit**

Vir lede van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, maar ook vir beoefenaars van die Afrikaanse kerkgeskiedenis in die algemeen, is daar rede om baie dankbaar te wees vir die totstandkoming van hierdie monumentale werk. Die prijs van hierdie boeke is vandag nou nie bepaald laag nie. Dit lê vir aldrie saam op ongeveer 70 rand. Maar as 'n mens dink aan watter bydrae gegee word vir boeke op 'n veiling oor die radio, dan kan gesê word dat hierdie boeke ‚dubbel en dwars' hulle geld werd is.

Die Afskeiding wat so ontsaglik nou met die ontstaan van Die Geref. Kerk verbind is, het in Groningen begin. Daarom is dit van groot waarde dat hier 'n originele studie aangebied word wat baie gegewens bied wat slegs na moeisaam speurwerk uit allerlei argivale bronne soos verhore en notule van hervormde kerkrade opgediep kon word.

Daar het in die laaste tyd meer boeke oor die Afskeiding verskyn. Ek noem hier:
J. S. van Weerden, **Spanningen en Konflikten.** Verkenningen rondom de Afscheiding van 1834, uitgawe: Sasland, Groningen 1967.
L. H. Mulder, **Revolte der Fijnen.** De Afscheiding van 1834 als sociaal conflict en sociale beweging. Uitgawe: Boom. Meppel 1973.

Altwee handel oor die Afskeiding in Groningen en altwee is — soos dit vandag in ons sosiologiese tyd maar gewoonte is — besig met sosiale faktore.

Hoe belangrik hierdie publikasies ook is wanneer jy die Afskeiding uit 'n bepaalde hoek bekyk, die boeke van Wesseling gee meer 'n kerklike benadering, en — soos reeds gesê is — verstrek hulle 'n magdom nuwe informasie.

Allereers kry jy insig in die klimaat wat onder die afgeskeienes geheers het. Dit herinner in baie opsigte aan dit wat onder die Voortrekkers konstateerbaar is. 'n Sekere gemoedelikheid wat deur Nadere Reformasie gestempel is.

Vervolgens kry jy te make met allerlei predikante onder die afgeskeienes wat nie net in Groningen, maar ook elders in Nederland en selfs in Noord-Amerika en Suid-Afrika opgeduik het.

Wanneer 'n mens hom realiseer dat Postma ook in die provinsie Groningen gestaan het, is dit vanselfsprekend dat ook oor hom veel gesê word. Interessant is byvoorbeeld die aanhalings wat Wesseling gee uit die lewensgeskiedenis van ds. G. H. Deddens. Geert H. Deddens het op advies van ds. Helenius de Cock op sewe en twintigjarige leeftyd begin om vir predikant te studeer. Hy kry by hom Latyn en leer later ook Grieks. Dan kom hy in huis by ds. Postma in Wildervank omstreeks Mei 1946 en word daar saam met twee ander studente: Kuipers en Brunemeier uit Bentheim, verder opgelei. 28 Mei word hy deur Postma te Borger (Drente) bevestig as predikant en Postma bevestig dieselfde jaar ook sy huwelik te Wildervank. Soos ons weet is daar nog 'n predikantfamilie in Nederland wat die naam Deddens dra. Professor D.

Deddens van Kampen was daaruit afkomstig en tans is daar nog sy seuns dr. D. Deddens te Leeuwarden, en dr. K. Deddens te Groningen wat met die proefskrif **Annus liturgicus?** gepromoveer het. Aldrie kerkhistorici.

Blaai jy die boeke deur dan kom jy herhaaldelik die naam F. Strik teen. Hy was onder andere in Houwerzijl (Groningen) predikant. Sy kleindogter was die moeder van dr. H. F. Verwoerd. In Houwerzijl het ds. Strik en sy vrou drie seuns gekry, waarvan een die naam **Hendrik** gedra het (Wesseling I. p. 103). Ds. Strik self het die voornaam **Frens** gedra. Die moeder van dr. Verwoerd was 'n dogter van die genoemde Hendrik. Dr. Verwoerd, agterkleinseun van ds. Strik, was dus na hom vernoem en na die oupa Hendrik wat in Houwerzijl gebore is.

Nadere beligting kan ook verhelderend werk ten aansien van mededelings in ander boeke. Van die standaardwerk van wyle prof. Van der Vyver weet ons dat Postma gebots het met 'n sekere Van de Riet. Nou blyk uit Wesseling I, dat hierdie man teen die kinderdoop was (p. 203). In 1843 is hy in Bedum as diaken afgesit. (III, p. 305). Wesseling konstateer dat Reert van de Riet simpatie gehad het vir die sogenaamde **kruisgesindes** onder die afgeskeienes. Sy besware teen die prediking wys in dié rigting (III, p. 305); I, p. 203). Hy wou 'n prediking waarin die klassifikasiemetode aan die dag sou kom en die hoorders sou onderskei word in versekerde, hulpsoekende, bekeerde en onbekeerde lede. Myns insiens is hierdie botsing belangrik omdat Postma wat soiets afgewys het later in Suid-Afrika in die Beijer- en Venter-kwessie weer met dieselfde dinge in aanraking sou kom.

Ons het tot op hede volstaan met te konstateer dat Postma in ons land met Beijer en S. D. Venter moeilikhede gehad het. Dit is egter noodsaaklik om die **wortels** van die onenighede na te pluis. En dan is dit noodsaaklik om agter veel stryery en kerkregtelike flaters van Postma terug te gaan na die werklike punt in geding: die botsing van 'n subjektivistiese gees wat ‚uitwendige' prediking uitspeel teenoor innerlike ervaring én 'n bereidheid om die Woord as middel van die Gees te beskou. Om die werklike agtergronde van hierdie stryd raak te sien, sal ons moet gaan studeer, ook insake die Afskeiding in Groningerland.

Die Afgeskeie kerke het in die loop van die jare ook hulle klimaatswisseling gehad. Teenoor die subjektivisme is al meer die nadruk gelê op die vaste beloftes van die verbond. Dis nie toevallig dat die Vrymaking juis weer in Groningen 'n vastrapplek gekry het en dat Wesseling sy derde deel opgedra het aan ds. D. van Dijk wat vandag al meer as negentig jaar oud is. Ds. Van Dijk het hom immers op die sinode van 1942 wat die berugte leerbesluite aangeneem het, duidelik laat hoor en is desweë van die sinode verwyder. Die Vrymaking as sodanig kan netsomin losgemaak word van die geskiedenis van Groningen as ons eie kerkgeskiedenis.

Dit was maar 'n paar introduserende opmerkings ten aansien van 'n publikasie wat moontlik eers afskrik omdat mens 'n versameling van dor feite verwag, maar wat hoe langer hoe meer boei wanneer jy jou daarmee besig hou. Jy sal ook veel name aantref wat deur immigrasie hier gangbaar geword het. In die kerkgeskiedenis van Groningen lê ook die geskiedenis van die voorgeslagte van baie burgers van Suid-Afrika vas. In het voor-leden/ligt het heden.

C. van der Waal.